



# education

Department:  
Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

75

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

KANDIDAAT SE  
EKSAMENNOMMER:

**AARDRYKSKUNDE V2**

**STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**502-2/2**

AARDRYKSKUNDE SG: Vraestel 2  
Vraestel & Kaarte

PUNTE: 75

TYD: 1½ uur



502 2 2A

SG

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, 'n topografiese kaart en 'n ortofotokaart.

**X05**



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Die vrae in hierdie vraestel is op die 1:50 000 SA topografiese kaart, 3322CA Oudtshoorn en die 1:10 000 SA ortofotokaart 3322CA, wat 'n uittreksel van die gekarteerde gebied is, gebaseer.
3. Skryf jou eksamennommer, sowel as sentrumnummer in die spasies wat op die voorblad van die vraestel voorsien is.
4. Beantwoord AL die vrae OP die vraestel.
5. Gebruik die laaste bladsy van hierdie vraestel vir ALLE rofwerk.
6. Sommige vrae kan slegs beantwoord word indien die topografiese kaart en die ortofotokaart saam bestudeer word.
7. Na voltooiing van die vraestel moet hierdie vraestel, sowel as die topografiese kaart en die ortografiese kaart aan die toesighouer terugbesorg word. Dit word die eiendom van die skool.
8. 'n Woordelys van sommige Engelse en Afrikaanse woorde met hulle vertalings verskyn op die volgende bladsy.

### WOORDELYS

#### Afrikaans

Begraafplaas  
Uitgrawings  
Kanaal  
Golfbaan  
Hospitaal  
Voor  
Wildspark  
Rioolwerke  
Skougronde  
Vliegveld  
Inry-teater  
Skietbaan  
Renbaan  
Steenwerke  
Toeriste Kampeerterrein

#### Engels

Cemetery  
Diggings  
Canal  
Golf Course  
Hospital  
Furrow  
Game Park  
Sewage Disposal Works  
Showgrounds  
Aerodrome  
Drive-in theatre  
Rifle Range  
Race Track  
Brickfields  
Tourist Camp

### LIGGING VAN OUDTSHOORN IN SUID-AFRIKA



**AFDELING A****VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

**Verwys na die 1:50 000 topografiese kaart 3322CA en die 3322CA ortofotokaart van Oudtshoorn (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:**

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1 - 1.10) in die blokkie wat aan die regterkant van die bladsy voorsien is, neer.

1.1 Die skaal van die ortofotokaart is ... keer groter as die skaal van die topografiese kaart.

- A 10
- B 20
- C 50
- D 5

1.2 Die kontoerinterval van die topografiese kaart is ... meter.

- A 30
- B 10
- C 20
- D 50

1.3 Die topografiese kaartnommer 3322 verwys na ...

- A kontoere en isobare.
- B isobare en kontoere.
- C lengte- en breedte-lyne.
- D breedte- en lengte-lyne.

1.4 Die kenmerk in ruit B3 op die topografiese kaart is 'n...

- A isobaar.
- B punthoogte.
- C trigonometriese stasie.
- D hoefystermeer.

1.5 Die primêre ekonomiese aktiwiteit wat by E (ruit E12) op die topografiese kaart plaasvind, is ...

- A bosbou.
- B nywerhede.
- C uitgrawings.
- D opvoedkunde.

- 1.6 Die sekondêre ekonomiese aktiwiteit wat by D op die ortofotokaart plaasvind, is ...
- A mynbou.  
B nywerhede.  
C boerdery.  
D ontspanning.
- 1.7 Die nasionale pad wat De Rust en Oudtshoorn met mekaar verbind op die topografiese kaart, is die ...
- A N2.  
B N12.  
C R29.  
D R62.
- 1.8 Die grondgebruik wat by C op die ortofotokaart aangetref word, is ...
- A steenwerke.  
B rioolwerke.  
C 'n hospitaal.  
D 'n skool.
- 1.9 Die Oudtshoornlughawe (ruit G12) is ... vanaf die SSK op die topografiese kaart.
- A noordwes  
B suidoos  
C suidwes  
D noordoos
- 1.10 Kontoere, trigonometriese stasies, punthoogtes en hoogtemerke verteenwoordig almal ...
- A lyne wat plekke met dieselfde hoogte verbind.  
B plekke met dieselfde plantegroei.  
C hoogte bo seevlak.  
D lyne wat plekke met dieselfde tipe gesteente met mekaar verbind.

**TOTAAL AFDELING A: (10 x 2) 20**

**AFDELING B****VRAAG 2: KAARTWERKTEGNIEKE EN BEREKENINGE**

- 2.1 Bereken die lengte (in km) van die Oudtshoornlandingstrook vanaf P na Q op die topografiese kaart.

---



---



---



---



---

(4)

- 2.2 Gee die verskil in hoogte tussen die punthoogte by die langste landingstrook van Oudtshoornlughawe (R) en die lughawegeboue (S) op die ortofotokaart.

---



---



---

(1 x 2)

(2)

- 2.3 Lokaliseer trigonometriese stasie 286 (G in ruit E14) op Grootkop en punthoogte 317 (F in ruit G15) op die topografiese kaart.

- 2.3.1 Bepaal die ware peiling van punthoogte 317 vanaf trigonometriese stasie 286.

---



---



---



---

(1 x 2)

(2)

- 2.3.2 Sal die magnetiese deklinasie vir 2006 groter of kleiner wees as  $23^{\circ}34'W$ ? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Antwoord: \_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)

Rede: \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)

- 2.4 Bereken die oppervlakte (in  $\text{km}^2$ ) van die gebied wat deur die ortofotokaart op die topografiese kaart beslaan word.  
(Gebruik die formule:  $\text{OPPERVLAKTE} = \text{Lengte} \times \text{Breedte}$ )

Lengte = 13,1 cm; Breedte = 12 cm

---

---

---

---

---

---

---

(4)

- 2.5 Benoem die kenmerk wat by die volgende ruitverwysing op die topografiese kaart voorkom:

$33^{\circ}32'45''\text{S}$  en  $22^{\circ}10'00''\text{O}$

---

(1 x 2)

(2)

**TOTAAL AFDELING B: 18**

**AFDELING C****VRAAG 3: RELIËF EN DREINERING**

- 3.1 Gee die fisiese faktor wat die bou van die lughawe van Oudtshoorn op die topografiese kaart (ruit G12) beïnvloed het.  
\_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)
- 3.2 Oor die grootste deel van die gekarteerde gebied is boerdery beperk.
- 3.2.1 Identifiseer TWEE fisiese faktore wat die boerdery beperk.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2 x 2) (4)
- 3.2.2 Noem enige TWEE maniere wat die boere gebruik om water te bekom.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2 x 2) (4)
- 3.3 Identifiseer stroompatroon I (ruit K/L7) op die topografiese kaart.  
\_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)
- 3.4 3.4.1 Gee TWEE fisiese faktore wat die uitbreiding van die dorp, Oudtshoorn na die noordooste beperk.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2 x 2) (4)
- 3.4.2 Noem die rivierkenmerk in die Dooringrivier (ruit O12) wat die potensiaal besit om hidro-elektrisiteit op te wek.  
\_\_\_\_\_ (1 x 1) (1)
- TOTAAL AFDELING C: 17**



**AFDELING D****VRAAG 4: NEDERSETTING EN EKONOMIESE AKTIWITEITE**

- 4.1 Gee EEN bewysstuk om aan te dui dat Oudtshoorn 'n Geskiedkundige plek is.
- \_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)
- 4.2 Verwys na die diens wat by U op die ortofotokaart aangetref word.
- 4.2.1 Benoem die diens/aktiwiteit.
- \_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)
- 4.2.2 Stel TWEE redes voor waarom dié diens in die landelik-stedelike oorgangsonse voorkom.
- \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2 x 2) (4)
- 4.3 Die straatpatroon wat by L op die topografiese kaart gevorm word, is 'n roosterpatroon. Gee EEN voordeel van hierdie straatpatroon.
- \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1 x 2) (2)
- 4.4 Deur van die kaart gebruik te maak, noem DRIE ontspanningsgeleenthede wat Oudtshoorn aan die toeris bied.
- \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (3 x 2) (6)
- 4.5 Die nywerheidsgebied D op die ortofotokaart het 'n goeie ligging. Verduidelik TWEE faktore wat die nywerheid by hierdie spesifieke ligging bevoordeel.
- \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2 x 2) (4)

**TOTAAL AFDELING D: 20****GROOTTOTAAL: 75**